

Woensdag 1 Maart

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:22-23; 1 Petrus 3:8-12

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22; 1 Petrus 3:11

Gelowiges kan nie anders as om vrede na te jaag nie

'n Perskeboom kan net perskes dra. Dit is hoe hy gemaak is.

'n Gelowige wat deur ons Here Jesus bevry is van die mag van sonde, het 'n nuwe lewe gekry. Die Heilige Gees wek geloof in mens én werk in jou om nou volgens jou nuwe aard te leef. 'n Gelowige kan nie anders nie as om die vrug te dra wat die Gees in hom werk.

Implikasie: 'n Gelowige kan nie sy sondige lewenstyl verskoon met: "Ek is so gemaak en so laat staan!" nie. 'n Gelowige kan byvoorbeeld nie doelbewus 'n diepgewortelde haat oor iemand of iets bly koester nie.

Een van die vrugte wat die Gees in ons werk, is vrede: diep, innerlike rus en vrede dat jou saak met God reggemaak is. Dié vrede móét noodwendig na vrede met jou naaste deurwerk.

Natuurlik is dit nie maklik om in vrede te leef wanneer daar spanning in jou huwelik of by die werk of in die land is nie. Tog was dit die omstandig-hede van talle gelowiges toe Petrus aan hulle geskryf het om te doen wat goed, vrede te soek en dit na te jaag.

Wanneer jy toelaat dat die Heilige Gees in jou werk (Hom nie onderdruk en bedroef nie), en as jy Hom vra om jou te verander, kom jy agter dat jy begin vrug dra – aanvanklik miskien min en klein vruggies, maar mettertyd groei dit en bring 'n oes voort.

Sing: Psalm 34:1, 6 (1936)

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)